# *tippet 100*

**Hier is my uitdaging: word 'n aktiewe bloedskenker. Jy en ek het die geskenk van die lewe gekry. Waarskynlik is jy gesond. Gee nou elke 8 weke die geskenk van die lewe weer aan 3 ander mense.**

**Jy gaan hulle nooit ontmoet nie. Jy gaan nie weet wat hulle omstandighede is nie. Dalk 'n ongelukslagoffer. 'n Baba. 'n Kankerpasiënt.**

**Hulle gaan ook nooit vir jou kan kom dankie sê nie. Maar dis nie 'n ondankbare iets om te doen nie.**

**Die dankbaarheid lê eintlik in jou eie hart vir die feit dat jy dit kan doen.**

**Kom: maak 'n verskil!**

***Francois Retief***
***14 Januarie 2019***